Wes-Kaapse Regering

BETER TESAME.

BELANGRIKE KENNISGEWING

UITNODIGING VIR INDIENING VAN AANSOEKE VIR BEFONDSING VAN PLAASWERKERVERWANTE PROJEKTE VIR 2015/16

(A): VERSOEK: Die Wes-Kaapse Departement van Landbou nooi hiermee toepaslike en geregistreerde nie-winsgewende organisasies (NWOs) wat dienste aan plaaswerkers en hul gesinne in die Wes-Kaap lewer om besigheidsplanne (projekvoorstelle) in te dien wat die volgende **fokusareas** aanspreek, nl:

1. **Opleiding:** 'n Variasie van vroeë kindontwikkeling, ontwikkeling van lewensvaardighede, konflikhantering en finansiële geletterdheid.
2. **Alkohol- en Dwelmmisbruik:** Gefokusde bewusmakings- en voorkomingsprogramme wat meetbaar is, insluitend toneelopvoerings ten einde te verseker dat ongeletterde persone ook betrek word.

NOTA: Projekte kan **tot 'n maksimum bedrag van R200,000-00 elk** befonds word.
Die Departement behou die reg voor om slegs prioriteitsbehoeftes in u aansoek goed te keur en te befonds.

(B): KRITERIA VIR DIE TOEKENNING VAN FONDSE:

1. Die implementering van die besigheidsplan moet bydra tot die algemene **maatskaplike opheffing** van die plaaswerkers, hul gemeenskappe en plaaswerkerorganisasies.
2. **Voorkeur** sal verleen word aan projekte wat fokus op die volgende teikengroepe as begunstigdes binne plaaswerkergemeenskappe nl.: **kinders, vroue, jeugdiges, gestremdes en werklose plaaswerkers.**
3. **Voorkeur** sal verleen word aan projekte wat geïmplementeer word in die **16 geïdentifiseerde landelike ontwikkelingsnodes** in die Provinsie soos ingesluit in die Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram (CRDP).
4. Die aansoeker moet:
   (4.1) 'n **wettige entiteit** wees;
   (4.2) vir ten minste **3 jaar bestaan** en nie vantevore gederegistreer wees nie;
   (4.3) **goeie finansiële dissipline** handhaaf;
   (4.4) **administratiewe ondersteuningstrukture** in plek hê om effektiewe en betydse nakoming van die vereiste finansiële en vorderingsverslae te verseker. **Nakoming hiervan sal gemonitor word en bepalend wees ten opsigte van die beskikbaarstelling van fondse.**

(C): DIE VOLGENDE DOKUMENTASIE EN INLIGTING MOET INGEDIEN WORD AS DEEL VAN U AANSOEK:
(LET WEL: Versuim om hierdie inligting te verskaf sal daartoe lei dat u aansoek gediskwalifiseer word.)

1. **'n Volledig voltooide Projek Besigheidsplan** wat die volgende duidelik omskryf:
   - Die projek se meetbare doelwitte (verpligte formaat voorgeskryf);
   - Watter teikengroep en hoeveel indiwidue by die befondsing sal baatvind;
2. **'n Volledig voltooide Projek Implementeringsplan (Aanhangsel A** – verpligte formaat voorgeskryf);
3. **'n Volledig voltooide Projek Itembegroting en Kontantvloeiprojeksie (Aanhangsel B** – verpligte formaat);
4. **Bewys van Registrasie** as nie-winsgewende/nie-regeringsorganisasie/Artikel 21 Maatskappy moet ingedien word;
5. Entiteite moet hul **mees onlangse Belastingklaringsertifikaat** aanheg, en
6. In terme van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur moet die **mees onlangse Geouditeerde Finansiële State** aangeheg word.

(D): **'n VERPLIGTE INLIGTINGSESSIE VIR ALLE VOORNEMENDE AANSOEKERS** sal in die Ouditorium te Elsenburg gehou word vanaf **09h30 – 12h30 op Dinsdag, 18 November 2014** waartydens die vereistes, verantwoordelikhede en besigheidsprosesse volledig bespreek sal word. Bevestig asb u teenwoordigheid aan **Me Meghan Cupido voor of op Vrydag, 14 November 2014** by Tel: (021) 808-7601 of epos haar by: meghanc@elsenburg.com.

Die verpligte voorgeskrewe formate vir die Besigheidsplan sowel as Aanhangsels A & B is beskikbaar by die Distrikskantore van die Department van Landbou (lys hieronder) sowel as op die webtuiste: www.elsenburg.com. Die aansoek moet:

- in 'n verseëlde koevert ingedien word;
- geadresseer/gemerk wees vir die aandag van die betrokke distriksbeampte soos hieronder aangedui;
- gepos word na, of per hand afgelewer word by die kantore soos hieronder aangedui.

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 28 November 2014 @ 12:00

Laat of gefaksde aansoeke sal nie oorweeg word nie.

Voornemende aansoekers is welkom om die Gemeenskapsontwikkelingsbeamptes van die sub-program: Plaaswerkerontwikkeling te kontak om leiding te verkry met die voltooiing van die vorms, indien nodig.

Distrikskantore	Kontakbesonderhede	Fisiese en Posadres
Eden: George Kantoor	**Me. Evon Mayekiso** Tel: (044) 803-3755 evonm@elsenburg.com	York Park Gebou, Yorkstraat, George, 6530
Kaapse Metropool: Goodwood Kantoor	**Me. Danisile Ngxangane** Tel: (021) 483-7782 danisilen@elsenburg.com	Goulbournsentrum, Hoek van Voortrekker en Goulbournweg, Goodwood, 7460
Kaapse Wynland: Wellington Kantoor en Elsenburg Kantoor	**Mnr. Eben Saal** Tel: (021) 873-0241/1135 ebens@elsenburg.com **Me. Erika Manho-Damons** Tel: (021) 808-7735 erikam@elsenburg.com	2de Vloer, Shoprite-gebou, Kerkstraat, Wellington, Posbus 53, Wellington, 7655 Hoofkantoor, Muldersvleiweg, Elsenburg, Privaatsak X1, Elsenburg, 7607
Overberg: Bredasdorp Kantoor	**Me. Jacqueline Cupido** Tel: (028) 425-2681 jackyc@elsenburg.com	Albert Myburgh Hostel, Golfstraat, Posbus 1138, Bredasdorp, 7280
Sentraal Karoo: Beaufort-Wes Kantoor	**Me. Deona Strydom** Tel: (023) 414-2126 deonas@elsenburg.com	Peter Jacobsweg 1, Beaufort-Wes Posbus 66, Beaufort-Wes, 6970
West Coast: Vredendal Kantoor	**Me. Jacqueline Carolissen** Tel: (027) 213-2000 jacquelineca@elsenburg.com	Hoek van Matzikama & Noordwegstraat, Vredendal, 8160 Posbus 130, Vredendal, 8160